Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 4 #18 7 Junie 2015

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Die Here is my Gasheer

Sing: Ps.147-2:1,3,4
Geloofsbelydenis (12 artikels)
Sing: Sb.17-1:5 (Kinderbegeleiding)
Wetlesing: Matt 22:34-40
Sing: Ps.32-1:1,4
Skriflesing: Psalm 23 **Teks:** Psalm 23:5 (Preekbegeleiding)
Sing: Sb.10-2
Nagmaal
Sing: Sb.17-3:1,2 Sing: Ps.107-1:2,3 Sing: Lied 577:1,2,3,4,5

11:30 International Service

Rev Willem Steyn

Theme: Come to rest, by HEARING and SEEING the Word
Scripture reading: Hebrews 3:7-11, 4:1-13

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: Die Here is my lig en my redder

Lofprysing

Lied 492: 1,2
Lied 501:1,2
Lied 573: 1-3

Sing: Ps.48-2:1,3
Belydenis van geloof: Dalena Odendaal
Sing: Sb.12-3:1,2 Sing: Ps.142-2: 1,4,5
Skriflesing: Psalm 27 **Teks:** Psalm 27: 1
Sing: Ps.68-1:9
Sing: Ps.46-2: 1-3

Ouderlinge en Diaken aan diens	Ouderlinge: Jannie Brink & Rudi de Lange	Diaken: Mercia Venter

Meelewing

Ons is bly en dankbaar saam met **Dalena Odendaal** (072-554-6748), wat vanaand die geleentheid ontvang om haar geloof te bely.

Liefdegawes

by die deure

7 Junie
Oggend: Susterskas
Aand: Meelewingsfonds
14 Junie
Oggend: Klassis Sustentasie
Aand: Meelewingsfonds
21 Junie
Oggend: Teologiese Studentekas
Aand: Meelewingsfonds

Liefdegawes tydens die diens word vir die Liefdesdiens van die diakens gebruik.

Liefdegawes

Wat is die verskil tussen meelewing en liefdesdiens van die diakens?

Die liefdegawes wat vir die meelewingsfonds ingesamel word, word hoofsaaklik aangewend vir verversings tydens kerkfunksies, begrafnisse, saamkuiergeleenthede, ens. Daarenteen word die liefdegawes vir liefdesdiens van die diakens gebruik om behoeftige gesinne wat lidmate van ons kerk is, maar ook nie-lidmate, te help met hulle maandelikse uitgawes.

Baie dankie aan elkeen in die Gemeente vir julle Liefdesgawes. Hier is Maart en April se bydraes. April is aansienlik minder as gevolg van die vakansie.
Baie dankie, ons kon weereens baie mense in ons Gemeente help.
Maart: R24 208.45
April: R14 588.60

Diakonie

Vir die susters

By alle gemeentes is daar sekere verantwoordelikhede en verpligtinge wat deur die susters in gemeenteverband hanteer word. Dit is byvoorbeeld vanjaar ons gemeente se beurt om die gesamentlike afsluiting van al die susters van Potchefstroom in Okt/Nov aan te bied.
Die werk van die susters behels ook onder andere die hantering van begrafnisse, aanbied van gemeentefunksies, asook donasies aan hulpbehoewende instansies.
Aangesien meeste susters deesdae in voltydse beroepe staan, het die meer tradisionele vorm van fondsinsameling deur die susters (bv. gebakverkopings, of spyseneering) afgeneem. Dus het die susterskas nie meer 'n deurlopende inkomste nie.
Ons het oor die saak besin en het besluit om die susters van ons gemeente te nader vir 'n jaarlikse vrywillige bydrae.
Daar sal by die deure duidelik gemerkte koeverte (SUSTERS-BYDRAE) beskikbaar wees vir hierdie doel. Koeverte met susters-bydraes kan in die kollektesakkies geplaas word. Die diakens sal dit aan ons tesouriere (Drienie Reinecke) oorhandig.
U betrokkenheid by die susters se aktiwiteite en u bydrae word opreg waardeer. Voorstelle en terugvoer aan die bestuur word verwelkom.
Baie dankie,
Sustersbestuur

Reseptеboek

Ons wil graag 'n resepteboek vanuit ons eie gemeente bekendstel. Deel met ons jou gunsteling resep asook die storie agter dit. Enige resep is welkom!
E-pos dit na mercia.venter72@gmail.com en eunicestoltz@gmail.com of gee vir ons 'n kopie by die kerk. Vir meer inligting kontak Mercia Venter: 083-468-2075 of Eunice Stoltz: 083-595-8981

Venterskroon

Van die gemeente in Venterskroon kom ‘n groot dankie vir die klerepakkies wat hul uit ons gemeente ontvang het. Dit word opreg waardeer!
Dankie vir almal se bydraes, en dankie vir almal wat gehelp het met die verpakking en ook met die vervoer.

Verjaarsdae

Maandag, 8 Junie
Riaan de Lange 082-907-1900
Chantelle Schoeman 084-309-1360

Dinsdag, 9 Junie
Dewey de Wet 81 083-294-9230
Monica van Schalkwyk 072-199-8094

Donderdag, 11 Junie
Simeon Jooste 17 076-208-1250

Vrydag, 12 Junie
Anina van der Walt 084-990-9080

Saterdag, 13 Junie
Elizabeth Steenekamp 083-452-2816

Die lewe gaan oor verhoudings bou. In enige verhouding word vertroue gebou en daarom is jou persoonlike verhouding met God die belangrikste wat daar kan wees in enige verhouding. Die onontbeerlike rol wat God die Vader en Christus Jesus in ‘n verhouding speel word duidelik weergegee in hierdie boek en daarom is “Die Allernoodsaaklikste Derde Party in die Huwelik en Gesin” ‘n moet lees vir elke persoon wat in ‘n gesinsverhouding staan, hetsy in die huwelik of binne ‘n gesin. (Geskryf deur Flip Buys en Amanda du Plessis.) Bestel hierdie boek by www.ptpboeke.co.za

Baie dankie

Dit is vir ons ‘n behoefte van die hart om vir die kerkraad en gemeente dankie te sê vir die baie pragtige ruiker blomme wat ons ontvang het ná die afsterwe van Bert se suster, Adrie de Kock. Dit maak ‘n mens warm om die hart en is ‘n wonderlike troos om te weet julle deel in ons hartseer en julle vergeet ons nie.
Baie dankie, Bert & Hendrien Venter

Dames van die Onthaalkomitee
Dis met groot genoeë dat ons 70-plussers ons gewaardeerde dank betuig vir die fantastiese / heerlike ete wat ons op Donderdag 28 Mei kon beleef. Nie sommer ‘n ete nie, maar ‘n belewenis wat nog lank in ons geheue sal voortleef!
Baie dankie klink maar gering en vlak vir dat wat so mildelik aan ons voorgesit was, maar ons sê baie, baie dankie. Mag u en u werk altyd geseën word.
Van: 70-plussers

Ingebruiknemingskonsert
van GK Potch se
3-Manuaal Rodgers Orrel

U word hartlik uitgenooi na die ingebruiknemingskonsert van die 3-manuaal Rodgers orrel van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom DV op Vrydag 12 Junie 2015 om 18h00.
Die orreluitvoering word gelewer deur die orreliste van die gemeente, Dr. Magda Pelser-van der Merwe. Hierdie Rodgers orrel is die eerste in Noordwes – u kan dit nie misloop nie!
Geen toegangsgeld word gevra nie, maar ‘n vrywillige donasie by die deure sal waardeer word. Sien u daar!

Diensgroepe van die Diakens

Preekbegeleiding vir Gr. 1-3's

Het jy al gewonder hoekom word die Gr.1 tot 3's tydens die preek ook uitgeroep om preekbegeleiding te gaan bywoon? Dit is 'n nuwe diensgroep wat gemik is om die preek op kinders van daardie ouderdom se vlak te verduidelik. Die preekbegeleier kry in die week 'n uiteensetting van die preek en die tema en pas die taalgebruik dan aan om dit vir die kinders meer verstaanbaar te maak. Soms word 'n speletjie ook gespeel wat aansluit by die preektema. Die doel van hierdie begeleiding is om dit lekker te maak vir jong kinders om kerk toe te kom, omdat hulle nou ook kan verstaan waaroor die preek gaan. Daar is tans 4 begeleiers, maar hulle benodig nog hulp van ENIGIEMAND wat sou belangstel om deel te word! Enigiemand wat 'n passie het vir kinders kan betrokke raak. Kontak vir Henriëtte van der Zwan (082 859 2229) om betrokke te raak of vir meer inligting.

Hou die Lantern dop vir meer inligting oor elkeen van die Diakonie se diensgroepe!

Nooitgedacht Skoolverlaterskamp

Indien jy belang stel om van 3-10 Julie 'n groepleier / kosspanlid te wees, laat weet asb vir Willem Steyn (082 854 3587)

☐ Ek wil graag 'n lidmaat word
☐ Ek wil graag huisbesoek hê

Naam: .....
Telefoonnommer: .....

Gooi in kollektesakkie / Gee in by kerkkantoor

Loodglasvensters

Baie dankie aan Orton Becker wat as stokperdjie loodglaswerk gedoen het, en nou bereid is om die stukkende vensters in die kerk te herstel.
Ons wil net vir die gemeentelede vra om tog versigtig te wees as hulle vensters toemaak: **druk teen die raam, en nie teen die glas nie.** Die loodglaswerk is delikaat en kan maklik breek.

Biltongfees

Kom geniet 'n BILTONGFEES soos min in Potchefstroom, aangebied deur GK Mooirivier. Vrydagaand 19 Junie.
Plek: Banketsale Potchefstroom.
Tyd: 18:00 vir 18:30
Drag: Netjies informeel.
Koste: R130 per volwasse persoon, (Hoërskoolkinders word geag as volwassene) R60 per laerskoolleerder, R10 per kleuter.
Daar is 'n kontantkroeg beskikbaar.
Biltongverpakkings sal teen baie billike pryse te koop wees. Groot asseblief: geen woefkardoese ("Doggy bags") nie!
Dankie vir u ondersteuning.
Kom geniet die aand in ons geselskap.
Navrae: Ds Koos Mouton (082 925 3959)

Teeskinkbeurte

7 Junie
Wyk 9 (Carin Kloppers - 0727410672)
KG 9 (Elsa Els - 0824600939)

14 Junie
Wyk 10 (Cora de Beer - 0823928060)
KG 10 (Petro Steyn - 0765784855)

21 Junie
Wyk 11 (Mariëtta Fourie - 0833204681)
KG 11 (Annemarie Schoeman - 0834545412)

Baie dankie!

Onthou asb om nie die urn, koppies, ens. te bêre na die Oggenddiens nie. Die lidmate van die Internasionale diens gebruik dit ook.

Welkom hier!

Henrico & Sanet Heystek
073-335-5850 / 072-598-1232

Sunelle van der Wateren
083-232-9717

Emmie Kruger
079-422-0385

Wil jy ook by ons gemeente inskakel?
Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

Kuier saam met TT Cloete

Dit is Woordkafee se hartklop om die liggaam van Christus saam te snoer in dankbaarheid en om lof aan die Lewende Woord, Jesus te bring. Talle vriende uit verskillende denominasies het onlangs weer meegedoen om God-3-enig te eer vir gawes, geleenthede en Christelike liefde. Woordkafee erken jaarliks die wyse waarop Prof. T.T. Cloete sy innige verhouding met God uitleef en het daarom op Vrydagmiddag 29 Mei 'n geleentheid gereël waarby 'n groep van sy vriende in ons nuwe tuiste by Stilstaat 9 met hom kon kuier by geleentheid van sy 91ste verjaarsdag. Meer as die helfte van die gaste wat daar was, is lidmate van ons gemeente. Van sy eerste digbundels af het T.T. Cloete God erken as die oorsprong van alle dinge en hy transformeer op unieke wyse Bybelwaarhede in sy gedigte. Daarby het hy 10 jaar van sy lewe gewy aan omdigting van al 150 psalms in die Bybel soos dit o.a. in ons groen Psalmboek opgeneem is. Verlede jaar het Woordkafee 'n video oor T.T. Cloete se psalmomdigtings laat maak waarin hy volgens Prof Attie Gerber "meesterlik en onderhoudend sy ervarings, dikwels persoonlik, met die omdigtingsproses deel". Hierdie video wat ook voorlesings van die digter en koorsang deur die Molen Kórus o.l.v. Kobus Venter insluit, is by Woordkafee te koop.

Studiesentrum

• Rustige atmosfeer • Varsgemaalde koffie •

Hoek van Molen en Borcherd straat
1 Junie - 22 Junie 2015
Ma - Vr 08:00-23:00
Sa 08:00-18:00

Die getuienis van waarmee die Here IN en OP en OOR die Bult besig is lê nie in die uitdeel van traktaatjies of pamflette of koffie nie – die getuienis kom van die Heilige Gees deur elkeen van ons. G5 wil daarom graag weer die hele gemeente uitnooi om deel te wees van hierdie eksamen se Studiesentrum. Kom studeer of werk self hier, kom lees jou koerant, ontmoet mekaar hier vir 'n koffie – kom wees net teenwoordig. Die skietlyste is in die westelike portaal, in die koffiekamer of by Fransa in die kerkkantoor.

Het jy vervoer nodig kerk toe?

Kontak vir Susan
082-563-1207
of
geeldogtertjie@gmail.com



Bet-Ezer vra hulp

Jolandi dra alleen die verantwoordelikheid vir 3 kinders waarvan die oudste 'n 18 jarige seun is wat sistiese fibrose in 'n ernstige graad het. Die jongste dogter is 9 jaar oud. Jolandi werk bedags, maar omdat haar inkomste nie voldoende is om die gesin te onderhou nie, moet sy ook in die aand deeltyds werk. Indien sy voldoende naaldwerk kry, kan sy dit by haar huis doen en by haar kinders wees. Sy het 'n naaldwerk- en omkapmasjien wat die welsyn en iemand uit ons gemeente geskenk het. As u kan help met werk of vir ander kan sê, sal dit baie kan help. *Jurg van der Walt*

Kontak haar by 082-741-2082 of elegantdesigns.yk@gmail.com vir kwiltwerk, kussings, gordyne, oortreksels, baba duvets, ens.

Verlofreëlings

Willem en Hanlie is DV van Donderdag 11 Junie tot Dinsdag 30 Junie met verlof.

Advertensies is gratis, en moet teen Donderdae 10:00 by die kerkkantoor wees vir plasing.

Nuwe OnderOnsie

Die OnderOnsie (ons gemeente se boekie met almal se kontakbesonderhede in) gaan weer binnekort gedruk word. Het jy dalk in die afgelope jaar getrek? Of het jou selfoonnommer of e-posadres verander? Stuur jou adres, selfoonnommer en e-posadres vir Fransa by gkbult@gmail.com of SMS / WhatsApp na 076-391-7578.

www.youtube.com
/user/gkpotchbult

www.facebook.com
../gkpotchbult
../gkpotchbultG5
../VenterskroonBediening
../GKBultProjekte
../BultInternationalChurch

@gkpotchBult
#potchG5
#gkbult

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Skriba: Jaap Verhoef: 018-294-6502
Orrelistes: Jetty van Rensburg: 083-439-7379
Annatjie Verhoef: 072-391-2552
Koster (Molen): Piet van Maarleveld: 084-776-6113
Koster (Gerrit Dekker): Wilma Herbst: 082-965-7525
Internasionale diens: Ray Everson: 018-290-6782
Katkisasie: Braam Pieterse: 082-923-4881
Kinderbegeleiding: Marida van Eeden: 060-977-1124
Preekbegeleiding: Henriëtte vd Zwan: 082-859-2229
Dataprojeksie: Adelle Lotter: 083-286-3811
Klank: Stefan Linde: 072-811-1665
Tolkdienste: Kerkkantoor: 018-297-4843
Preekopnames: Kerkkantoor: 018-297-4843

Diakonie: Elsa Els: 082-460-0939
Omgee-groep Seniors: Ans Geertsema: 073-192-8976
Sopkombuis: Elsa Els: 082-460-0939
Kosbank: Kerkkantoor: 018-297-4843
Susters: Judie Coetzee: 082-619-4620
Onthaalkomitee: Retha van Wyk: 083-967-1511
G5 Bediening: Ds Willem Steyn: 082-854-3587
Musiekbediening: Hanlie Steyn: 083 654 8652
Bedieningskommissie: Jan Geertsema: 083-271-6570
Eiendomskommissie: Faan van Wyk: 082-551-7782
Liturgiese Werkgroep: Lou van Wyk: 084-520-1086
Finansiële kommissie: Carools Reinecke: 082-568-5652
Kassier: Paul Delicado: 082-574-2204

Skakel gerus met Fransa by die kerkkantoor (Weeksdae van 08:00 - 13:00) vir:
Algemene navrae, Lantern (saktyd Donderdae om 10:00), Preekopnames, Webbladnavrae, ens.

Bankbesonderhede
Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult
ABSA Tomstraattak 670-264-661 (Tjekrekening)
Verwysing: Van, voorletters, Wyk / KG